VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 13 - Uitgawe 12
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

30 April 2015

1. UITNODIGING - GEBEDSBYEENKOMS VIR LERAARS VAN DIE NG FAMILIE MET DIE OOG OP PINKSTER: Die VDDG (Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis) van die NG Familie, het versoek dat leraars van dié familie vóór Pinkster bymekaar kom om saam voor te berei en te bid. So 'n byeenkoms is reeds gereël in Ladybrand (te Little Rock) op 4 Mei 2015 om 10:00. Daar sal nou ook 'n soortgelyke byeenkoms op **Dinsdag 5 Mei 2015 vanaf 11:00 - 13:00** by die Sinodale kantooor van die NG Kerk Vrystaat in Van Heerdenweg, Bloemfontein plaasvind. Die Pinksterreeks van die VDDG (met fokus op die skepping/ekologie), word by hierdie byeenkoms bekend gestel en daar sal ook saamgesels word oor die werk van die Heilige Gees, veral met betrekking tot die Skepping. Al wil leraars nie van hierdie reeks gebruik maak nie, sal die gesprek steeds vir almal van waarde wees. Verder sal almal teenwoordig vir mekaar kan bid, ook vir die Here se wêreld, asook vir ons land wat dit skielik só ongelooflik baie nodig het. Die Eenheid vir Vennote en Getuienis sal tee en verversings by hierdie geleentheid voorsien. Leraars wat belangstel om die byeenkoms by te woon, moet asseblief **teen Maandag 4 Mei 2015** by Salomé bevestig - skakel 051 406 6729 (k), of stuur 'n e-pos aan **missie@ngkvs.co.za** ***(Vir inligting oor die Pinkstereeks, kyk by by Herhalings, pt 10 - Algemeen)***

2. DIE VRYSTAATSE KERK VIER FEES MET 'N JUBELJAAR!: Die NG Kerk Vrystaat vier, deur die Here se genade, haar 150ste bestaansjaar in 2015! Om hierdie mylpaal te vier, word 'n **Jubel-feesnaweek vanaf 15 – 17 Mei 2015** aangebied. Op **Vrydag 15 Mei vanaf 17:00,** vind daar 'n **spesiale geleentheid by die Ereskuldkerk, Thaba Nchu plaas.** Op **Saterdag 16 Mei vanaf 09:30** die oggend, verskuif die **feestelikhede na die NG Gemeente Winburg** (oudste gemeente in die Vrystaat), met 'n **feesdiens om 11:00** en **middagete vanaf 12:30 by** die buurgemeente, **NG Gemeente Rietfontein** in Winburg. Die **liturgie ten opsigte van die feesdiens** vir hierdie geleentheid, word ook vooraf aan **al die gemeentes beskikbaar gestel** om dit **op Sondagoggend 17 Mei in hul onderskeie kerke aan lidmate oor te dra**. Klik **hier** vir **die volledige program** – 'n spesiale Jubeljaar-Pinksterreeks, wat deur 'n klompie predikante van die Vrystaat saamgestel is, word ook aan alle leraars in die Vrystaat gestuur, met 'n vriendelike versoek om dit as tema tydens die Pinkstertyd te gebruik. 'n Spesiale feeskalender, feesbundel en plakkers is vir die Jubeljaar ontwikkel en kan by die Sinodale Kantoor bestel word. Vir enige navrae, kontak ds Barnard Steyn by 051 406 727/732 (k), of stuur 'n e-pos aan **bicsteyn@ngkvs.co.za** / **gemeentes@ngkvs.co.za**

3. UITREIK VAN HOOP DAMESTEE: Hierdie geleentheid se fokus is om mense bewus te maak van die werk van *Uitreik van Hoop*, sowel as 'n fondsinsameling. Die dag se tema is daarom ook ***HOOP - 'n Lewende HOOP***.

Meer oor *Uitreik van Hoop*: Kirna Hellmuth is geroep om na mense in die middestad van Bloemfontein uit te reik met 'n boodskap van Hoop – ***Uitreik van Hoop***. Dit is 'n bediening van die Tweetoring gemeente en vind plaas binne die groter *Torings van Hoop*- werksaamhede.

Kaartjies is te koop by Kirna Hellmuth, **kirna@towersofhope.org** / 079 885 3205, teen R120pp, of betaal direk in ***Uitreik van Hoop*** se rekening:

Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnaam: NG Kerk OVS
Rekening nr.: 470 000 406
NB! VERWYSING: UVH (en u naam)

Kom wees deel van hierdie geleentheid van HOOP!

4. OPLEIDINGSGELEENTHEDE:

AURORA SENTRUM - OPLEIDING VIR MAATSKAPLIKE WERKERS: Gedurende **Mei en Junie 2015**, bied die Aurora Sentrum in Bloemfontein, opleidingsgeleenthede aan vir maatskaplike werkers vir CPD-punte, maar enige iemand is welkom om dit by te woon. Die datums met onderskeie temas is soos volg:

1. **13 – 15 Mei 2015:** *The identification and management of substance abuse* – 13 CPD-punte
2. **29 Mei 2015:** *The special needs of women and youths with dependency and approaches that are effective in helping them find long term recovery* – 4 CPD-punte
3. **12 Junie 2015:** *Co-dependency, what is the truth about this condition and how to help co-dependents to take contro*l – 4 CPD-punte

Vir enige navrae, kontak vir Santie of Jeanette by 051 447 4111/447 4225, of stuur 'n e-pos aan **info@auroracentre.co.za**

OPLEIDING IN KINDERBEDIENING word op **Saterdag 9 Mei 2015** deur Kobus en Cora Viljoen van CEF (*Child Evangelism Fellowship*) gelei. Dit sal by die NG Gemeente Hugenoot in Bayswater plaasvind. Koste - slegs 'n donasie. Klik **hier** vir meer besonderhede – vir besprekings, stuur 'n e-pos aan **ackinders@gmail.com**

5. BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 7/2015:

Die nuwe Kerkbode van 1 Mei 2015 word bekend gestel en daar word gefokus op drie uitsonderlike Bybelkor-publikasies – klik **hier** om te lees.

6. NUWE PUBLIKASIE:

CLF bied 'n spesiale Moedersdagpakket aan – bestel by **orders@clf.co.za**

7. VAKATURES:

Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures*.**

8. MET LEEDWESE: Dit is met oneindige hartseer en skok dat ons verneem het van die tragiese afsterwe van ds Gert Terblanché, leraar by NG Gemeente Berg en Dal se seun, Robert (36). Hy is een van 'n tweeling en was in Noord-Dakota, Amerika op 'n plaas werksaam toe die fratsongeluk gebeur het. Begrafnisreëlings is nog nie getref nie.

Wat sê 'n mens vir ouers in so 'n tyd…? Ons kan net vir hulle bid en vra dat God hulle en almal wat deur hierdie tragedie geraak word, styf teen Sy bors sal vasdruk en met die tyd, vrede en vertroosting mag bring. Ons gedagtes en gebede is met hulle…

9. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

4 Mei:
Ds Johan Labuschagne - WATERBRON - 051 446 1023, 083 461 1970, labuschagnejohan@yahoo.com

5 Mei:
Dr Pieter van Heerden - SENEKAL-NOORD - 058 481 2452, 083 444 5510, vh@telkomsa.net
Ds Horace van Coller - DEWETSDORP - 051 541 0023, 082 776 3421, horacee@webmail.co.za

11. TEN SLOTTE: *Ons lewens is vlietend... vandag hier, môre weg! Fokus altyd op dit wat saak maak en ook op goeie tye...*



Groetnis, tot volgende keer…

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK **hier** **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK **hier** **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 7/2015:

Die nuutste Kerkbode is vanaf Vrydag 1 Mei 2015 beskikbaar:

Kraakvars Bybelkor-publikasies:

***Identity-driven churches - Who are we, and where are we going?* - Malan Nel**



In hierdie boek dink die skrywer vanuit Bybelse metafore nuut oor wie ons regtig is. Hy deel sy teologiese nadenke oor die opbou van 'n missionale plaaslike gemeente en spel die proses om 'n plaaslike gemeente te hervorm en te transformeer helder uit. Sy nadenke word teologies begrond in menswording, diensbaarheid en leer en sorg.

Baie belangrike teologiese bydrae vir:

- Gemeentes om teologies na te dink oor wat dit beteken om missionaal te wees.
- Vir gemeenteleiers (leraars) en ander.
- Ideaal geskik as voorgeskrewe boek vir teologiestudente.

Met spesiale bydraes deur:

- prof Ian Nell van die Universiteit Stellenbosch
- prof Kobus Schoeman van die Universiteit van die Vrystaat
- dr Roger Tucker, voormalige PhD-student en afgetrede Presbiteriaanse leraar

Prys: **R200.00** (BTW en posgeld ingesluit), reeds beskikbaar, bestel onmiddellik!

Jong teoloë praat saam… *oor God, gemeentes en geloof* - Annette Potgieter en Cas Wepener



In hierdie boek tree jong teoloë vanuit die rykdom van die Christelike tradisie met hedendaagse geloofs- en lewensvrae in gesprek. Dié groep jong teoloë, wat aan verskeie teologiese fakulteite in Suid-Afrika afgestudeer het, deel deur hulle bydraes die vrug van hulle groei en ontwikkeling in die teologie met die breër kerklike publiek. Die bydraes is georden in drie teologiese bundels – bronne, geloofsoortuigings en gebruike – en neem die leser in 'n voëlvlug oor die kontoere van die 21ste-eeuse teologiese landskap. Die bydraes sal ook verdere gesprek aanmoedig omdat dit fokus op sake wat tans sentraal staan in kerklike en publieke debatte in plaaslike en internasionale kontekste.

Prys: **R150.00** (BTW en posgeld ingesluit), reeds beskikbaar.

Goeie genade, jy is spesiaal! - Ewald van Rensburg



Hierdie boek help jou om elke dag met nuwe oë na jou lewe te kyk. Én dit gee jou 'n kykie op God se glimlag oor jou. In dié saamgeselsgids gee Ewald van Rensburg vir jou 'n verrassingspakkie oor wie jy in Christus is. Maak jou veelkleurige geskenk oop en ontdek:

- God het eerste na jou uitgereik
- Jy is vir God baie spesiaal. God gee baie om wat van jou word
- Jy as mens het baie waarde in God se oë

Goeie genade, jy is spesiaal! het reeds in 2002 verskyn. Toe so baie mense oor die land heen navraag oor die boek gedoen het, het die skrywer weer na die inhoud gekyk. In die proses het hy ses nuwe hoofstukke bygeskryf. By die meeste hoofstukke het hy ook splinternuwe inhoud bygewerk. Sy gebed is dat hierdie boek nog baie mense se lewe sal aanraak sodat hulle hulleself as baie spesiaal deur God se sagte oë sal ervaar.

Prys: **R145.00** (BTW en posgeld ingesluit), reeds beskikbaar.

INLIGTING, NAVRAE EN DIENSVERSKAFFING:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.co.za**

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. ALGEMEEN:

- **KONGRES – RELIGIE, POLITIEK, GEMEENSKAP: RADIKALE ORTODOKSIE IN SUID-AFRIKA:** Die Fakulteit Teologie en Departement Filosofie van die Universiteit van die Vrystaat, nooi alle belangstellendes uit na hierdie kongres wat op **7 en 8 Mei 2015** gaan plaasvind. Die volgende **sprekers** sal by hierdie geleentheid optree: **Graham Ward, John Milbank, John de Gruchy, Danie Goosen, Johann Rossouw en Jaco Kruger.** Vir meer **inligting en die program**, klik op die volgende skakel, **www.ufs.ac.za/radicalorthodoxy** en om te **registreer**, klik op **http://goo.gl/forms/QFkBKTJRPd**

- **UV EN FAKULTEIT TEOLOGIE OPEDAG 9 MEI 2015:** Die Here Jesus het self gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min" (Mat 6:37). Moedig jongmense aan om Teologie te gaan studeer. Hulle kan 'n bydrae tot God se Koninkryk maak as sendeling, predikant, jeugwerker, kapelaan, pastorale berader, ensovoorts. **Skoolverlaters en hul ouers word na hierdie geleentheid uitgenooi wat vanaf 09:00 by die Callie Human-sentrum sal plaasvind** – vanaf 11:00 beweeg almal na die Teologiese Gebou op die kampus. Meer inligting oor sertifikaat- en graadprogramme aan die UV se Fakulteit Teologie, sal by dié geleentheid gegee word – vir enige navrae, stuur 'n e-pos aan **hoffmanl@ufs.ac.za**

- **PINKSTERREEKS 2015 - *DIE AARDE BEHOORT AAN DIE HERE*:** Die Pinksterreeks vir 2015 is beskikbaar – dit word deur die NG Kerkfamilie se Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis aan die breë kerk voorsien. Die fokus is op ekologie en daar word vertrou dat dit wyd en vrugbaar deur Bedienaars van die Woord gebruik sal word. Klik **hier** vir die volledige reeks.

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **KROONHEUWEL-NOORD SE SOSATIE- EN VLEISFEES:**

- **STEYNSRUS SE VLEISFEES:** Die **NG Gemeente Steynsrus** bied hierdie fees- en kuiergeleentheid aan op **Vrydag 1 Mei 2015 (Openbare vakansiedag), vanaf 10:00** die oggend. Tonne vleis, rou en gaar word te koop aangebied (gebraaide sosaties, wors, steak met pap en sous), daar is 'n kafee met die lekkerste pannekoek om aan te knibbel! Daar gaan ook 'n laaaang tafel wees met onder andere wyn, gebak, handvlyt, ensovoorts. Kom spring op 'n trampolien, speel tuin-gholf en vir musiekliefhebbers, word 'n **musiekprogram vanaf 12:00** @ R30 vir volwassenes en R10 vir kinders aangebied – die **kunstenaars is Christa Haventein, Mellie de Bruyn en Arnold Smith**.

- **GEMEENTE BASAAR:** Die **NG Gemeente Wilgehof in Bloemfontein hou op Saterdag 2 Mei 2015 vanaf 10:00** hul jaarlikse basaar op die kerkterrein te Johannes Rabiestraat, Wilgehof. Daar sal onder andere 'n gesins-potjiekoskompetisie wees, heerlike etes, sowel as al die ander lekkernye wat op so 'n basaar te koop aangebied word, met vermaak vir die kinders. Die **aand om 19:00** tree die bekende gospelsangeres, proponent Maryna Knoetsen op, kaartjies @ R30 vir volwassenes en R20 vir kinders is by die kerkkantoor beskikbaar. Almal is welkom om hierdie geleentheid by te woon! Vir navrae, kontak vir Marietjie Smith by die kerkkantoor op 051 522 2969 (k).

- **2DE HANDSE BOEKVERKOPING:** Die **NG Gemeente Uitsig in Bloemfontein** (Werdasingel, Uitsig), hou hierdie verkoping **vanaf 21 April tot 18 Mei 2015** (Ma, Di, Do en Vry vanaf 09:00 – 13:00). Daar gaan talle ensiklopidieë, geestelike boeke, storieboeke, boeke oor stokperdjies, ensovoorts te koop aangebied word, pryse wissel vanaf R1 – R10. Vir enige navrae, kontak asseblief die kerkkantoor op 051 522 2780 (k/u).

- **PINKSTER BY RIEBEECKSTAD-ERFDEEL:** Hierdie gemeente se Pinksterreeks met dr Johan Beukes, vind vanaf **10 tot 12 Mei 2015** plaas met die tema, ***Dans van die Lewe!*** Kontak vir Rina Roets by 057 388 3186.

3. KURSUSSE:

- **PASTORALE BERADINGSKURSUS - ABORSIE, MISKRAAM EN STILGEBOORTE:** In hierdie kursus wat deur prof Wentzel Coetzer op **Saterdag 23 Mei 2015 in Potchefstroom** aangebied word, word gefokus op die pastorale begeleiding van persone wat geraak is deur aborsie, miskraam of stilgeboorte. Klik **hier** vir meer besonderhede.

TERUG NA INHOUD

PASTORALE BERADINGSKURSUS - ABORSIE, MISKRAAM EN STILGEBOORTE:

Aspekte waaraan aandag gegee sal word, sluit die volgende in:

- **Die fase tussen konsepsie en geboorte** - die invloed van skok en trauma tydens die voorgeboortelike fase.
- **Die invloed op die res van die gesin** - belangrike navorsing deur Christen psigiaters word hier aan die orde gestel.
- **Die invloed van aborsie op mans** - verlore vaderskap, asook wyses waarop 'n man skuldgevoelens en hartseer kan hanteer.
- **Die emosionele effek van aborsie** - vyf tipiese kenmerke van post-aborsiesindroom.
- **Die belangrikheid van self-vergifnis** - agt fases van verwerking van aborsie en nege riglyne vir persoonlike groei na aborsie.

PLEK: Studente Hervormde Kerk – Silwerstraat 19 (net langs klein kragstasie)
DATUM: Saterdag 23 Mei 2015
TYD: 08:00 – 13:00 (5x VBO punte vir leraars)
GPS KOÖRDINATE: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
KOSTE: R250pp (egpare R350)
HANDLEIDING TE KOOP (opsioneel): R160 (posgeld R25 ekstra)
NAVRAE EN BESPREKING: 083 660 0409 / 082 577 8810 / 018 294 7457 / e-pos: wentzel7@mweb.co.za
FOOIE KAN INBETAAL WORD BY: ABSA spaarrek: 9061802135 – takkode 335138 - Reknaam: SE Coetzer

TERUG NA INHOUD